LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 28
7 September 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers



Kleurvolle Karakter 2018
Burgerskap

Ons burgerskap pilaar val mooi in by loslitdag wat dié jaar op 7 September val. Daar is nie ‘n beter geleentheid om ons ondersteuning vir projekte wat die gemeenskap ophef te wys nie. Ons leerders het vandag ‘n geleentheid gehad om superhelde in hulle gemeenskap te wees en ook so aan te trek.

Daar is pragtige pers burgerskap sleutelhouers te koop teen R 5 by Mevrou van Heerden. Ons moedig die leerders aan om al 6 die sleutelhouers te koop. Ons gaan aan die einde van die jaar kyk wie al 6 versamel het en dalk verras ons hulle met iets spesiaals!

Waarvoor staan die pilaar van burgerskap?

‘n Goeie burger:

1. Werk saam**.**
2. Bly ingelig en stem.
3. Handhaaf goeie buurmanskap.
4. Is wetsgehoorsaam.
5. Respekteer sy/haar omgewing.
6. Spaar water en elektrisiteit.

Kom ons bou saam aan ‘n samelewing waarin elkeen van ons wil bly!

MEEGEVOEL
Ons innige meegevoel gaan aan die Kemp familie by Huis Eybers met die afsterwe van mnr Kemp (Mannetjie). Mag hulle as gesin die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie moeilike tyd beleef.

EPOS
Daar is ‘n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal derugegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

SKOOLFONDSREKENINGE
Die rekeninge gaan vandag saam met u kind uit. Maak asseblief seker dat u dit ontvang.

WOW-SPELFEES
Baie geluk aan die volgende leerlinge wat deur is na die volgende rondte van die spelfees. Hulle gaan 20 Oktober 2018 aan die Nasionale Kompetisie in Stellenbosch deelneem.
Graad 3
Wian Lotter (4de plek)
Graad 4
Zenobia Homveld (3de plek)
Graad 6
Bianca Fitzgerald (4de plek)

KAROO EISTEDDFOD
Weglating: Ons wens ook vir Nicolene Bezuidenhout geluk wat ook die konsert wennerslys gehaal het vir voordrag. Nicolene het ook 'n spesiale toekenning ontvang by die prysuitdeling op 29 Augustus.

INTERSKOLE BEDANKING
Baie dankie aan almal wat van Interskole 2018 'n sukses gemaak het.

'n Spesiale dank aan die volgende borge:
FNB; GRT Sekuriteit; ISU Rommel; Botha's Towing; GRT Golfklub; Merino Apteek; Oasis; GRT Hardware; Dericks Auto Electical; Muller House; Engen Riverside; HA Jansen v Rensburg; Gerber Botha & Gowar; Montego Pet Nutrition en Izienne van Jaarsveld.

Dankie aan elke adverteerder vir die advertensie van u besigheid in die program asook ander donasies.
Baie dankie aan elke ondersteuner wat die skool met elke wedstryd ondersteun het. Sonder u samewerking sou die dag nie 'n sukses gewees het nie. Laer Volkskool waardeer u ondersteuning en bydraes tot die skool se sukses.

"KOEKELOERPLANKIES"
Laer Volkskool bedank graag mnr Johan Dercksen vir die maak en skenk van die "koekeloerplankies". Dit is 'n baie praktiese hulpmiddel en van groot waarde in die klaskamer. Dit vergemaklik beslis die taak van die onderwyser. Nogmaals baie dankie aan mnr Dercksen vir hierdie mooi onbaatsugtige gebaar.

INENTING VAN GRAAD 4 DOGTERS
Die Departement van Gesondheid het gereël dat die leerlinge Maandag, 10 September 2018 om 09:00 die ingeënt sal word.

SPORT

BELANGRIKE *KRIEKET* DATUMS VIR DIE KALENDER

Dinsdag,	**11 Sept**	vs Union vind op 26 Sept plaas.
Woensdag,	**12 Sept**	vs Karel Theron o.11(w), o.9, o.13 (t) sal op 10 Okt gespeel word.
Saterdag,	**22 Sept**	toernooi vs Gill o.13
Woensdag,	**26 Sept**	vs Union o.9 – o.13
Woensdag,	**10 Okt**	vs Karel Theron o.11(w); o.9 + o.13(t)
Saterdag,	**13 Okt**	vs Sunridge o.11 + o.13 (t)
Woensdag,	**17 Okt**	vs Union om 14:00 @ Union - o.9 + o.11 + 17:00 – o.13 @ Botanies
Woensdag,	**24 Okt**	vs Gill (w)
Woensdag,	**31 Okt**	vs Niko Brummer (w)

DANS
Joané Stroebel en Monique Nell het op 1 September 2018 aan die Port Elizabeth Dance Festival deelgeneem. Hulle het 'n Tap item gelewer en goud, 85% verower. Baie geluk aan julle twee!

TWEEKAMP
Tweekamp is 'n unieke en onafhanklike vorm van sport waar atlete meeding in hardloop- en swemitems ten einde hulle veelsydigheid te meet aan die hand van voorafopgestelde puntetabelle wat gebaseer is op tye wat hul behaal. Die afstande waarin meegeding word maak die sportsoort uniek en oor die jare is dit bewys dat uiterste goeie veelsydigheid benodig word om sukses te bereik.

Leerlinge oefen nie apart vir Tweekamp nie, maar skakel by atletiek en swemoefeninge in om voor te berei vir Tweekamp.

Ouderdom	**Hardloopafstand**	**Swemafstand**
Seuns o.9	800m	50m
Dogters o.9	800m	50m
Seuns o.11	800m	50m
Dogters o.11	800m	50m
Seuns o.13	1200m	100m
Dogters o.13	1000m	100m

Ouderdomsbepaling:
Die ouderdom van die atleet soos op 31 Augustus, bepaal in watter ouderdomsgroep hy/sy sal deelneem. Die seisoen strek van 1 September tot 31 Augustus van die volgende jaar. Indien die atleet 8 is op 31 Aug, sal hy/sy o.9 deelneem en indien die atleet 9 is op 31 Aug, sal hy o.11 deelneem.

Datums vir tweekamp is as volg:
15 & 29 September 2018
10 & 20 Oktober 2018
10 November 2018
19 Januarie 2019
20 Februarie 2019
30 Maart 2019

Indien 'n ouer graag 'n leerling wil inskryf, kontak asseblief vir mev K Basson by die kantoor.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Sing saam met my oor die grootheid van die Here en laat ons saam sy Naam prys.

Psalm 34:4

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hooflvs@webmail.co.za
Tel: 049-8910803